Munisipaliteit • U-Masipala • Municipality
OVERSTRAND
MEI 2023

Posbus 20, Hermanus 7200

Telefoon
Hermanus 028 313 8000
Gansbaai 028 384 8300
Kleinmond 028 271 8400
Stanford 028 341 8500

24-uur-beheerkamer 028 313 8000/8111
Brandweer 028 312 2400

Bulletin

#overstrand4all
Amptelike nuusbrief van die Munisipaliteit Overstrand
#C4ourself

HOOGGEPLAASTES KOM BYEEN IN OVERSTRAND TER VIERING VAN WOUDE

Onder die wakende oog van klinieksusters Carol Marais en Heather Kinnear (onderskeidelik fasiliteits- en bedryfsbestuurder van die gemeenskapsdagsentrum in Hermanus) is verskeie inheemse bome by dié fasiliteit aangeplant. Ook daar om hierdie heuglike geleentheid gade te slaan was rdl. Theodorah Nqinata (Wyk 2); rdl. Archie Klaas (ODM); Fhulufhedzani Demana (DFFE); Lauren Rainbird, Tarron Dry, Anver Wyngaard, Theo Steenberg, Heathley Plaatjies, Zandile Bavuma en Samkelo Tyelinzima (almal verbonde aan Overstrand); Jacques Cedras (president van die Instituut vir Omgewings- en Ontspanningsbestuur); rdl. Ronald Nutt (burgemeesterskomiteelid vir gemeenskapsdienste) en me. Makhotso Sotyu (adjunkminister: bosbou, visserye en die omgewing).

Aangesien Overstrand in 2022 aangewys is as die boomvriendelikste stad in die land, het die eer die munisipaliteit te beurt geval om geleenthede rondom vanjaar se nasionale viering van Internasionale Woudedag te orkestreer.

In medewerking met die Instituut vir Omgewings- en Ontspanningsbestuur is 'n seminaar met die tema "Gesonde woude vir gesonde mense" vir afgevaardigdes van die ministerie van bosbou, visserye en die omgewing (DFFE); die Verenigde Nasies se Voedsel- en Landbou-organisasie en die Overbergdistriksmunisipaliteit (ODM) aangebied.

As een van die sprekers by dié geleentheid het die adjunkminister van bosbou, visserye en die omgewing weereens beklemtoon hoe belangrik dit is om mense oral in die wêreld aan te moedig om inheemse bome aan te plant as 'n praktiese bydrae tot volhoubare omgewingsbestuur.

"Eerder as om bloot te vat van wat woude ons ook al bied, moet ons leer om te gee. Juis daarom het my departement 'n duisend inheemse boompies geskenk wat oral in die Overstrand geplant sal word ter ondersteuning van ons oogmerk om twee miljoen bome aan te plant," het sy aangekondig.

Heel gepas het die hooggeplaastes – insluitend adjunkminister Sotyu – moue opgerol om 'n Outeniekwageelhout (Afrocarpus falcatus) in die Harold Porter-Botaniese Tuin in Bettysbaai en verskeie inheemse bome by die gemeenskapdagsentrum (CDC) in Hermanus te plant.

Suster Carol Marais, fasiliteitsbestuurder van die Hermanus CDC, was in haar noppies met die "vergroening" van hul terrein en het gesê dat die nuutaangeplante witkaree- (Rhus pendulina), essenhout- (Ekebergia capensis) en wildepruim- (Harpephyllum caffrum) boompies beslis daartoe sal bydra om die welstand te herstel van diegene waarna hulle op 'n daaglikse basis omsien.

AANGESUIWERDE EIENDOMSBELASTING

Ten tyde van die voorlegging van die konsepbegroting vir die 2023/24-boekjaar het Burgemeester Rabie ook die voorgestelde sent-in-die-Rand-koerse voorgelê wat gebruik sal word om eiendomsbelasting, gegrond op die mees onlangse waardasielys, te bereken.

Oor die algemeen word eiendomme na gelang van sonering gekategoriseer (m.a.w. vir residensiële, sake-/industriële of landbougebruik). Die koerse wat teen eiendomme gehef word, varieer tussen kategorieë, maar ingevolge die Wet op Munisipale Eiendoms-belasting, word dit in die algemeen op die markwaarde van die grond en enige verbeterings (bv. geboue) op die eiendom gegrond.

Insgelyks word markwaarde gegrond op die prys wat 'n gewillige verkoper realisties van 'n gewillige koper in 'n ope mark vir die eiendom sal verhaal.

Deur hierdie waarde as basis te gebruik, kan 'n vergelykende waarde vir alle eiendomme in 'n woongebied bereken word. Daar word na hierdie geskatte waarde as die munisipale waarde verwys en dit word deur die munisipaliteit gebruik om eiendomsbelasting te hef.

VOORGESTELDE KOERSE VIR 2023/24

- **Landbou-eiendomme** – 0.001053 sent in die Rand
- **Onbeboude erwe** – 0.006315 sent in die Rand
- **Residensiële eiendomme** – 0.00421 sent in die Rand
- **Sake-/industriële eiendomme** – 0.007368 sent in die Rand

WAAROP AANGESUIWERDE KOERSE NEERKOM

Die voorbeeld hier onder illustreer die implikasies van die aangesuiwerde sent-in-die-Rand-koers vir ***'n residensiële eiendom met verbeterings*** waar die munisipale waarde aangepas is van R500 000 na R675 000 ooreenkomstig die jongste waardasielys.

VOORGESTELDE SENT IN DIE RAND – 0.00421		HUIDIGE SENT IN DIE RAND – 0.00657	
NUWE WAARDASIE	R675 000	VORIGE WAARDASIE	R500 000
Min niebelasbare korting	R15 000	Min niebelasbare korting	R15 000
Min korting op geboue	R35 000	Min korting op geboue	R35 000
Verminderde waarde	***R625 000***	***Verminderde waarde***	***R450 000***
Jaarlikse eiendomsbelasting	R2 631.25	Jaarlikse eiendomsbelasting	R2 956.50
Min 20% korting op geboue	R526.25	Min 20% korting op geboue	R591.30
Finale jaarlikse eiendomsbelasting	***R2 105.00***	***Finale jaarlikse eiendomsbelasting***	***R2 365.20***
Finale maandelikse eiendomsbelasting	***R175.42***	***Finale maandelikse eiendomsbelasting***	***R197.10***

Om die maandelikse eiendomsbelasting te bereken wat betaalbaar sal wees vir eiendomme gesoneer vir sake-/industriële en landbougebruik sowel as vir onbeboude erwe, gebruik die volgende formule:

[Munisipale waarde] x [toepaslike sent-in-die-Rand-koers] ÷ 12 = maandelikse eiendomsbelasting

Ter illustrasie, die maandelikse eiendomsbelasting betaalbaar vir 'n onbeboude erf gewaardeer teen R450 000 sal R236.81 per maand beloop:

- **R450 000 x R0.006315 ÷ 12 = R236.81 per maand**

BEGROTING TOT OP DIE BEEN GESNY

OP 29 MAART HET UITVOERENDE BURGEMEESTER, DR. ANNELIE RABIE, DIE KONSEPBEGROTING VIR DIE 2023/24-BOEKJAAR VOORGELÊ.

In haar begrotingsrede het sy 'n beroep op die gemeenskap gedoen om hul verwagtinge oor wat die munisipaliteit kan doen, in toom te hou: "Daar is eenvoudig nie genoeg geld nie. Om die waarheid te sê, ons het geen ander opsie gehad nie as om grond te verkoop sodat ons ons uitgedunde voertuigvloot kan aanvul en infrastruktuur vir stormwater en so meer kan voorsien.

"Sommige dramatiese veranderings moes noodgedwonge ingestel word, wat daarop neerkom dat munisipale dienste meer gaan kos en dienste waarvoor ons nie vergoed word nie, soos om lewensredders te voorsien en ekstra sekuriteitspersoneel aan te stel om gedurende piekseisoene die verkeer te reguleer en die openbare orde by toerisme-aantreklikhede te handhaaf, drasties besnoei sal moet word, tensy ons addisionele fondse elders kan vind.

"Kortom, sonder 'n oorskot op handelsdienste kan ons nie ekstra kontant genereer om kapitaalbesteding te befonds nie en kan ons ook nie voldoende kontantdekking in die vorm van reserwes en fondse verseker nie."

Ter afsluiting het sy raadslede, inwoners en belanghebbendes daaraan herinner dat "klein jakkalsies die wingerd kan verniel" en het juis daarom 'n beroep op alle belangstellende en belanghebbende partye gedoen om die konsepbegroting sorgvuldig te bestudeer en te oorweeg sodat skriftelike vertoë teen nie later nie as ***16:30 op 5 Mei 2023*** ingedien kan word.

Dieselfde reëling vir die konsep- hersiene geïntegreerde ontwikkelingsplan (GOP) en die konsepdienslewering- en begrotingimplementeringsplan (SDBIP) vir die 2023/24-boekjaar. Al drie dokumente lê ter insae by munisipale kantore en openbare biblioteke of kan afgelaai word van Overstrand se amptelike webwerf www.overstrand.gov.za. (Gaan na Documents, klik op Strategic Documents en kies die tersaaklike dokument.)

OORSIGTELIKE BLIK OP 2023/24 SE KONSEPBEGROTING

Die begrote inkomste (kapitaaltoelaes uitgesluit) beloop R1,692 miljard en begrote bedryfsuitgawes R1,749 miljard (ingeslote niekontantitems soos waardevermindering). Derhalwe word 'n netto tekort van R3,399 miljoen (insluitende 'n rekeningkundige tekort van R57,066 miljoen) weerspieël. Die bedrag begroot vir uiters spesifieke kapitaalprojekte beloop R203,615 miljoen.

BERAAMDE INKOMSTE / BEDRYFSBESTEDING PER FUNKSIONELE KLASSIFIKASIE 2023/24

Funksionele klassifikasie	Inkomste (insl. kapitaaltoekennings)	Uitgawes
Bestuur en Administrasie	R 460,614 m	R 334,374 m
Gemeenskap en Openbare Veiligheid	R 179,758 m	R 297,756 m
Ekonomie en Omgewingsdienste	R 21,679 m	R 211,088 m
Handelsdienste*	R 1,084 m	R 901,649 m
Ander	–	R 4,104 m
TOTAAL	R1,692 miljard	R 1,749 miljard

* elektrisiteit/krag, waterbestuur, afvalwaterbestuur, afvalbestuur en soortgelyk

KOSTE VAN DIENSLEWERING

- Ten opsigte van ***elektrisiteit*** beloop totale besteding R606,066 miljoen teenoor 'n inkomste van R640,359 miljoen, met voorsiening vir 'n oorskot van R34,294 miljoen ('n marge van 5,36% teenoor die vorige jaar se marge van 7,89%).
- In die geval van ***water*** beloop besteding R161,098 miljoen teenoor 'n inkomste van R164,563 miljoen, dus 'n oorskotmarge van 2,11% of R3,465 miljoen.
- Teen 'n inkomste van R127,423 miljoen en besteding van R123,281 miljoen maak afvalwaterbestuur voorsiening vir 'n netto surplus van 3,25% of R4,142 miljoen.
- Met 'n inkomste wat R104,634 miljoen beloop teenoor uitgawes van R104,393 miljoen laat ***afvalbestuur*** 'n skrale oorskot van 0,23% of R0,241 miljoen.

VERGOEDING VAN WERKNEMERS EN RAADSLEDE

Die voorsiening vir werknemerverwante koste en die vergoeding van raadslede beloop R551,04 miljoen, met ander woorde 31,51% van totale bedryfsuitgawes.

Vakatures sal gevries bly en mag slegs met die goedkeuring van die munisipale bestuurder gevul word. Daar is nie vir enige nuwe poste in hierdie konsepbegroting voorsiening gemaak nie.

* Let daarop dat die voorgestelde verhoging van 7,4% heeltemal aan die Nasionale Tesourie se norme voldoen, naamlik 'n styging van tussen 25 en 40% op die salarisbegroting.

SÓ WORD HOOP VERWERKLIK:

NOG 100 GESINNE HET NOU 'N HUIS WAT HULLE HUL EIE KAN NOEM

SÓ 'N HEUGLIKE OKKASIE REGVERDIG 'N BIETJIE SWIER: *Wes-Kaapse minister van infrastruktuur, Tertuis Simmers, oorhandig die sleutels na haar langverwagte huis aan Cornelia Richard onderwyl rdh. Riana de Coning (Wyk 14-raadslid) en dr. Annelie Rabie (Uitvoerende Burgemeester) toekyk.*

NIEMAND TE MIN GEAG NIE: *Verskeie begunstigdes met spesiale behoeftes en gestremdhede was ook onder diegene wat die titelaktes vir hul nuwe huise ontvang het. Daar om in hul vreugde te deel, was onder andere Juan Lewis (Wyk 14-wykskomiteelid), Desmond Africa (buurtwag) en Carlo Pieters (gemeenskapskakelbeampte).*

'n Skrale 18 maande nadat die eerste sooi gespit is, is 'n verdere 100 huise voltooi en as deel van Fase 2 van die program vir geïntegreerde residensiële ontwikkeling in Blompark, Gansbaai aan begunstigdes oorhandig.

In totaal sal 539 bostrukture teen 'n koste van R124.8 miljoen gelewer word as deel van hierdie behuisingsontwikkeling wat ook vir mense met gestremdhede en spesiale behoeftes voorsiening maak.

Een só 'n begunstigde is die 59-jarige gehoorgestremde Leonie Pieters wat sowat 15 jaar gelede vir 'n behuisingsubsidie aansoek gedoen het. Toe sy vir die eerste keer 'n huiseienaar word, kon me. Pieters skaars haar vreugde beteuel: "Ek het vir die grootste deel van my lewe op plase in informele huise gebly. Ek is geseënd om 'n behoorlike dak oor my kop te hê en te weet dat dit aan my behoort," het sy by monde van haar dogter Eloise Dyk gesê wat vir haar getolk het.

Ten tyde van die oorhandiging het Overstrand se Uitvoerende Burgemeester, dr. Annelie Rabie, die gemeenskap bedank vir die geduld wat hulle beoefen het in die loop van die effe langdradige proses wat die Wes-Kaapse behuisingsdepartement moet deurloop alvorens 'n behuisingsprojek suksesvol voltooi kan word.

Sy het begunstigdes ook weereens gemaan om na hul eiendomme om te sien en seker te maak dat hulle so gou as moontlik 'n testament opstel want sonder hierdie allerbelangrike dokument kan die huis waarvoor hulle so lank gewag het "in die hande van vreemdelinge beland".

2023-WALVISFEES – Beplanning in volle swang!

Vir meer as twee-en-dertig jaar lok die jaarlikse Walvisfees mense van oral in die wêreld na Hermanus.

Soos iedereen weet, woon mense nie net hierdie feeste by om die baljarende walvisse gade te slaan nie, maar ook om die verruklike kosse en wyne te geniet en self 'n bietjie landgebaseerde baldadigheid te beleef. As alles volgens plan verloop, sal die Walvisfees weereens van 29 September tot 1 Oktober 2023 aangebied word om saam te val met die eerste naweek van die Oktober-skoolvakansie.

Namens die Raad het Uitvoerende Burgemeester, dr. Annelie Rabie, die munisipaliteit se volle steun vir hierdie geleentheid beloof.

Sy moedig ook alle voornemende medewerkers, stalletjiehouers en deelnemers aan om die feesdirekteur, Jeanette du Toit, onverwyld te kontak by 082 739 1022 of jeanette@hermanuswhalefestival.co.za "sodat ons hierdie geleentheid in belang van ons plaaslike ekonomie in sy volle glorie kan herstel en weereens regmatig daarop aanspraak kan maak dat Overstrand een van die beste toerismebestemmings ter wêreld is".

VOORKENNIS MAAK VOORSORG

– selfs in die geval van bobbejane

Deesdae is die bobbejaanroepers (*oftewel Eco Monitors*) wat Pringlebaai se strate patrolleer, toegerus met fluitjies en vuvuzelas om inwoners en sake-eienaars te waarsku dat 'n bobbejaantrop die beboude gebied betree het en dat dit dalk nou die aangewese tyd is om maar eerder deure en vensters toe te maak.

Geklee in blou oorpakke en heldergeel-groen glimbaadjies sal hierdie monitors hoofsaaklik op die sentrale sakekern fokus en sal óf hul fluitjies óf vuvuzelas kortstondig blaas as waarskuwing dat 'n bobbejaanstrooptog dalk in aantog is.

Aanvanklik sal fluitjies en vuvuzelas afwisselend gebruik word tot tyd en wyl vasgestel is watter een van hierdie "vroeëwaarskuwingshulpmiddele" die doeltreffendste is.

Volgens Dean O'Neill, Overstrand se munisipale bestuurder, is hierdie vroeëwaarskuwingstelsel deur Wyk 10 se wykskomitee as standaard-operasionele prosedure goedgekeur en sal dit diegene wat in geïdentifiseerde probleemdiergebiede woon hopelik aanmoedig om proaktief op te tree, en ook sorg dat hulle na behore met huishoudelike afval wegdoen.